# Inwoner praat oor verkragting deur bendelede

DEUR Julian Jansen - Rapport

**DRIE bendelede van Ceres is einde Oktober skuldig bevind aan die verkragting van 'n 28-jarige man.**

Hul vonnisoplegging sou op **3 Desember** plaasgevind het maar dit is na **7 Februarie 2022** uitgestel in afwagting van 'n verslag - een van die veroordeeldes was 17 jaar oud toe die misdryf in 2017 plaasgevind het.

**Inwoner praat**

Die ingetoë en verfynde M* (28) van Bella Vista is twee keer in sy lewe wreed verkrag deur die Ford Boys-bende.

In dié woonbuurt word mans soos hy deur homofobiese elemente "moffies", "manne-vroue" en ander beledigende name toegesnou en soms loop hulle deur omdat geweld en ook verkragting.

M is die eerste keer in Maart 2017 wreed aangerand en verkrag, maar weens die vernedering wat hy deurgemaak het en sy skaamte as die gemeenskap daarvan sou hoor, het hy daaroor geswyg.

Toe bendelede hom weke na dié voorval weer verkrag, het hy besluit tot hier toe en nie verder nie.

Hy het besluit om uit te praat.

Hy skryf dit toe aan die geloof van sy familie, sy ma se gebede en die aktivistegroep *Triangle Project* dat drie mans gearresteer en aangekla is van ontvoering en verkragting.

Rodney Beukes, Austin Fritz en Peter John (PJ) Adams, lede van die Ford Boys-bende, is einde Oktober skuldig bevind.

M sê hy glo hy is geteiken omdat hy gay is. Sy drie aanvallers het hom in Augustus 2017 aan sy poniestert getrek uit 'n erf waar hy gekuier het, en hom toe verkrag. M sê hy was "histeries" ná die voorval. Hy het gevrees dieselfde lot wag op hom as wat sy beste vriend, David Olyn, oorgekom het.

Olyn is in 2014 in Bella Vista deur Christo Oncker vermoor. Oncker het daardie dag vir kinders wat grootoog daar gestaan het, gesê hy gaan 'n "moffie doodmaak".

Hy het Olyn by 'n geboutjie ingeneem, met 'n baksteen oor die kop geslaan, op hom gespring en agterna die gebou aan die brand gesteek. Oncker dien tans 17 jaar tronkstraf uit.

**Omkoop**

Die verdagtes het M probeer omkoop om die klagte teen hulle terug te trek, maar hy was vasbeslote om deur te druk. Hy sê die drie het 'n deel van hom geneem wat hy nie weer sal terugkry nie.

"Dit het my só aangeraak, dis hoekom ek hierdie saak tot die einde wil sien."

Hy is 'n introvert en hoop sy saak praat hard met Bella Vista oor die feit dat aanvaarding van gays 'n groot uitdaging bly.

Ná die verkragting het M na 'n veilige plek uitgewyk waar hy hom as geleentheidsbeplanner uitleef, maar veral belangrik, waar hy in veiligheid kan bly.

"Ek wou graag hier op Ceres gebly het, maar die haat teen mense soos ek is steeds daar en dit maak dit vir ons gays onveilig en gevaarlik."

Sharon Cox van Triangle Project sê dié organisasie het M regdeur die saak ondersteun. Cox sê skuldigbevindings in sake van verkragting van mans is soms moeilik. "Mediese studente moet ook beter opgelei word om manlike slagoffers van verkragting te hanteer," sê sy.



***'n MOTORBESTUURDER van Ceres het beheer oor sy Citi Golf verloor en op sy dak te lande gekom. Die ongeluk het Sondag 5 Desember naby Lakenvlei plaasgevind. Sover vasgestel kon word is niemand beseer nie.***




## CWDM announces new executive political leadership

***THE Cape Winelands district municipality elected their new council last week. "To all political colleagues, I thank you all for your displaying your integrity through your behaviour, not only in the run-up to the elections but also today at this inaugural meeting. We are looking forward to working together" stated Ald. (Dr) Elna von Schlicht during her inaugural speech. This is the second consecutive term for mayor von Schlicht. Elected to the following positions are, deputy mayor, Ald Margaret Sampson, who served on the Breede Valley's mayco during the last term, cllr. Donovan Joubert who served in the capacity of single whip of council at the CWDM was elected to speaker. Cllr. Thys Blom holds two hats, he was elected to whip and continues to hold the position of ambassador for persons with disabilities. FLTR: Cllr. Donovan Joubert (speaker), Ald. Margaret Sampson (deputy mayor), cllr. Thys Blom (whip) and Ald. (Dr.) Elna von Schlicht (mayor).***

**DOORNKRAAL INVESTMENTS (PTY) LTD ENVIROAFRICA CC**

**THE PROPOSED BRIDGE AND GRAVEL ROAD UPGRADE ON PORTION 3 OF FARM VISGAT 207 AND PORTION 2 OF FARM 304, WITZENBERG VALLEY, WITZENBERG LOCAL MUNICIPALITY, WESTERN CAPE**

**DEADP REF**: 16/3/3/6/7/1/B5/2/1393/21

Notice is hereby given of the intention to submit a NEMA application and the public participation process, in terms of the National Environmental Management Act, 1998 (Act No. 107 of 1998), as amended ("NEMA"), Environmental Impact Assessment Regulations 2014, as well as a Water Use License Application in terms of the National Water Act (Act 36 of 1998)(NWA). The proposed bridge and road upgrade includes activities listed in terms of the NEMA EIA Regulations 2014.

EnviroAfrica cc has been appointed by Doornkraal Investments (Pty) Ltd to undertake the NEMA application process for Environmental Authorisation.

**Application for environmental authorization to undertake the following activities in terms of NEMA EIA Regulations 2014**:

Government Notice R327 (Listing Notice 1): Activity No. **12, 19**

Government Notice R324 (Listing Notice 3): Activity No. **4, 12**

**Application in terms of NWA: Sections 21 (c) and (i).**

**Please note that the listed activities above may change during the course of the NEMA Application process. Registered I&APs will be notified of any changes.*

**Project Description & Location**: It is proposed that a new bridge be constructed over the Olifants River using pre-cast concrete culverts, placed upstream of the existing bridge. The proposed bridge will be 7.5m wide, and approximately 50m in length. The road on either side of the bridge will also be realigned (approximately 130m). An additional 495m of the entrance road will need to be realigned (three separate sections) to allow interlink trucks better access to the farm. The new road sections will be approximately 5m wide, with an 8m road reserve.

The new bridge will be located on Portion 3 of Farm Visgat 207. The road realignments will be located on Portion 3 of Farm Visgat 207 and Portion 2 of Farm 304. Site co-ordinates: Bridge: 33° 04' 36.54"S 19° 13' 00.36"E

**Public Participation**: Interested and Affected Parties (I&APs) are hereby notified of the application and invited to register (in writing) and/or provide initial comments and identify any issues, concerns or opportunities relating to this project to the contact details provided below, on or before **04 March 2022**. In order to register or submit comment, I&APs should refer to the project name, and provide their name, address & contact details *(indicating your preferred method of notification)* and an indication of any direct business, financial, personal, or other interest which they have in the application. You are also requested to pass this information to any person you feel should be notified.

Please note that only Registered I&APs will be notified of the availability of reports for public viewing and comment; will be notified of the outcome of the application, the reasons for the decision; and that an appeal may be lodged against a decision; and if applicable will be notified of the applicant's intention to appeal the decision of the competent authority.

*In line with the Protection of Personal Information Act (Act 4 of 2013 - as amended) should any Registered I&APs not want their contact information to be published as part of any reports as part of this application, please inform EnviroAfrica in writing. A non-response in this regard will be taken as consent to make any contact information publicly available.*

Consultant: EnviroAfrica CC. P.O. Box 5367, Helderberg, 7135 / Fax: 086 512 0154 / Tel: 021 8511616 / E-mail: clinton@enviroafrica.co.za

**OPENBARE KENNISGEWING VAN VERGADERINGS VAN DIE WITZENBERG PLAASLIKE MUNISIPALE RAAD: DESEMBER 2021 EN JANUARIE 2022**

Kennis word hiermee gegee ingevolge Artikel 19 van die Wet op Plaaslike Regering: Munisipale Stelsels, 2000 (Wet 32 van 2000) van die volgende geskeduleerde Raadsvergaderings van die Witzenberg Plaaslike Munisipale Raad:

| Datum | Tyd | Plek | Besonderhede |
|---|---|---|---|
| Woensdag, 15 Des. 2021 | 10:00 | Stadsaal, Voortrekkerstraat, Ceres | Gewone Raadsvergadering |
| Woensdag, 26 Jan. 2022 | 10:00 | Stadsaal, Voortrekkerstraat, Ceres | Gewone Raadsvergadering |

**PUBLIC NOTICE OF MEETINGS OF THE WITZENBERG LOCAL MUNICIPAL COUNCIL: DECEMBER 2021 AND JANUARY 2022**

Notice is hereby given in terms of Section 19 of the Local Government: Municipal Systems Act, 2000 (Act 32 of 2000) of the following scheduled Council meetings of the Witzenberg Local Municipal Council:

| Date | Time | Venue | Particulars |
|---|---|---|---|
| Wednesday, 15 Dec. 2021 | 10:00 | Town Hall, Voortrekker Street, Ceres | Ordinary Council meeting |
| Wednesday, 26 Jan. 2022 | 10:00 | Town Hall, Voortrekker Street, Ceres | Ordinary Council meeting |

**D. NASSON**
**MUNISIPALE BESTUURDER**
**MUNICIPAL MANAGER**
Voortrekkerstraat 50, Ceres
50 Voortrekker Street, Ceres
Verw/Ref.: 03/1/2/3

WITZENBERG
Municipality • Munisipaliteit • U Masipala Wasa